


SENIORSERTIFIKAAT- EKSAMEN



**FEBRUARIE / MAART
2007**

**GESKIEDENIS VAN
TEATER, KOSTUUM
EN LETTERKUNDE**

SG

Eerste Vraestel

612-2/1 A

GESKIEDENIS VAN TEATER ens SG: Vraestel 1



612 2 1A

SG

X05



4 bladsye



GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**GESKIEDENIS VAN TEATER,
KOSTUUM EN LETTERKUNDE SG**
(Eerste Vraestel: Geskiedenis van
Teater en Kostuum)

TYD: 3 uur

PUNTE: 180

INSTRUKSIES:

- Beantwoord SEWE vrae: VIER vrae uit Afdeling A, en DRIE vrae uit Afdeling B.
 - Maak seker dat jou antwoorde in ooreenstemming met die vraagnommers op die vraestel genummer is.
-

AFDELING A
TEATERGESKIEDENIS

Beantwoord enige VIER vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 1

Skryf kort aantekeninge oor enige VYF van die volgende:

- 1.1 'Paratheatre'
- 1.2 *Gesamtkunstwerk*
- 1.3 Propaganda-teater
- 1.4 Die invloede op Meyerhold se werk
- 1.5 Die nadele van gasbeligting
- 1.6 *Ubermarionette*

5x6=[30]

VRAAG 2

Skryf 'n kort opstel waarin jy ENIGE TWEE van die volgende twintigste-eeuse teaterpraktisyns bespreek. Maak seker dat jy verduidelik waarom jy hulle werk as belangrik beskou:

- 2.1 E. Gordon Craig
- 2.2 Max Reinhardt
- 2.3 Jerzy Grotowski
- 2.4 Vsevolod Meyerhold

2x15=[30]

VRAAG 3

As graad 12-drama-opvoeder moet jy aantekeninge voorberei oor die belangrike rol van Adolphe Appia en Edward Gordon Craig en hoe hulle, as ontwerpers, die grondslag gelê het vir die twintigste-eeuse verhoog en beligtingsontwerp.

Skryf 'n oorsig waarin jy die belangrikste bydraes en vernuwings bespreek wat Edward Gordon Craig en Adolphe Appia in die veld van ontwerp teweeg gebring het.

2x15=[30]

VRAAG 4

Baie van die kenmerke wat vir die eerste keer by die Bayreuth Festspielhaus gebruik is, kan steeds vandag in die ontwerpe van kontemporêre teatergeboue gesien word.

- 4.1 Skryf 'n kort paragraaf waarin jy die belangrikste kenmerke geïnisieer deur die ontwerpe by die Bayreuth oorsigtelik beskryf.
- 4.2 Skryf kort aantekeninge oor elk van die volgende teatergeboue:

(12)

- 4.2.1 Die Chestnut Street Theatre in Philadelphia
- 4.2.2 Kammerspiele
- 4.2.3 Die Markteater
- 4.2.4 Die Poolse Laboratoriumteater
- 4.2.5 Die Bayreuth Festspielhaus
- 4.2.6 Die Moskou Kunsteater

6x3=(18)
[30]

VRAAG 5

Jy word geïnspireer deur die werk van óf **Barney Simon** óf **Marthinus Basson** en besluit om 'n toneelstuk van 'n jong, onbekende Suid-Afrikaanse dramaturg in die Markteater in Johannesburg te regisseeer.

Skryf 'n voorlegging aan die bestuur van die Markteater waarin jy die volgende bespreek en duidelik uiteensit:

- 5.1 Die redes waarom jy inspirasie vind in en beïnvloed word deur die werk van óf Marthinus Basson óf Barney Simon (15)
 - 5.2 Jou motivering vir die Markteater as die ideaal geleë teaterkompleks en hoe dit jou teikengehoor perfek sal bereik (10)
 - 5.3 Jou gekose opvoeringslokaal en hoe jy dit sal aanpas om te pas by jou toneelstuk se spesifieke ruimte-vereistes (5)
- [30]**

TOTAAL VIR AFDELING A: [120]

AFDELING B
KOSTUUMGESKIEDENIS

Beantwoord AL DRIE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 6

Gee 'n oorsig van die modeontwikkelings in die VROULIKE ondersteuningskledingstukke gedurende die **Vroeë, Middel- en Laat-Victoriaanse** era. **[20]**

VRAAG 7

Die twintigste-eeuse modeontwerpers kon aan hulle kliënte voorskryf wat hulle moes dra in plaas daarvan om hulle riglyne te volg.

Skryf kort aantekeninge oor TWEE modeontwerpers wat jy vanjaar bestudeer het wat voorkeure aan hulle kliënte voorgeskryf het en beskryf hierdie voorkeure in detail.

15x2=[30]

VRAAG 8

Ontwerp **EEN** kostuum (MANLIK OF VROULIK) vir 'n karakter in 'n toneelstuk wat afspeel in 'n tydperk van jou keuse gedurende die twintigste eeu. Gee die naam van die toneelstuk en die periode waarin dit afspeel. Gee veral aandag aan die benoeming van jou ontwerp. **[10]**

TOTAAL VIR AFDELING B: [60]

TOTAAL: 180

EINDE